

Die groot stryd



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Hebreeërs 8:6, Matteus 19:17, Openbaring 12:17, Levitikus 23, Handeling 15:1–29, Galasiërs 1:1–12.

Geheetekes:

“Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.” (Joh. 1:17).

Die vroeë kerk het hoofsaaklik uit Jode bestaan wat nooit vir ‘n oomblik daaraan gedink het dat deur die Joodse Messias, Jesus, te aanvaar, hulle op een of ander manier wegbeweeg het van dit waarin hulle vaders geglo het nie, of van die verbondsbeloftes wat God met sy volk gemaak het nie. Soos dit blyk te wees, was hulle reg. Die strydvraag vir die vroeë Joodse gelowiges was of die Jode eers Christene moes word om Jesus te kon aanvaar. Nog ‘n strydvraag vir baie van hulle was of bekeerlinge uit die heidendom eers Jode moes word voordat hulle Christus kon aanvaar.

Eers later, tydens die algemene vergadering in Jerusalem, het hulle eenparig besluit om nie die bekeerlinge uit die heidendom met ‘n klomp reëls en wette te belas nie. Met ander woorde, dit was nie nodig vir heidene om eers Jode te word om Jesus te kon aanvaar nie. Maar, ten spyte van hierdie besluit, het sommige leraars aangehou om die kerke lastig te val en aan te dring dat heidense bekeerlinge sekere reëls en wette moes nakom, wat die besnydenis ingesluit het (*n prosedure wat die aanvaarding van die Christelike geloof nou nie juis aantreklik vir ‘n volwassene gemaak het nie). Dit wil sê, hulle het gedink dat hierdie heidene, om deel te hê aan die verbondsbeloftes, baie van die reëls en wette moes nakom wat as ‘n vereiste vir samesmelting met die volk van Israel beskou was. Wat was die kwessies, en hoe moes hulle opgelos word?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 14 Oktober.*

‘n Beter Verbond

Lees Hebreërs 8:6. Watter boodskap word hier gegee? Hoe verstaan ons wat hierdie “beter beloftes” behels?

Die grootste verskil tussen die geloofsbelydenis van die Ou en die Nuwe Testament is die feit dat die tydperk van die Nuwe Testament ingelei was deur die koms van die Messias, naamlik Jesus van Násaret. Hy was deur God as die Verlosser gestuur. Die mens kon Hom nie geïgnoreer het en verwag het om gered te word nie. Hulle kon net vergifnis vir hulle sondes ontvang het deur die versoening wat Hy voorsien het. Net deur die toerekening van Sy volmaakte lewe kon hulle voor God sonder veroordeling staan. Met ander woorde, verlossing was net deur Jesus se geregtigheid beskikbaar, en deur niks anders nie. Die heiliges van die Ou Testament het na die seëninge van die Messiaanse tydperk en die belofte van verlossing uitgesien. Gedurende die tydperk van die Nuwe Testament was die mense gekonfronteer met die vraag, Sou hulle Jesus van Násaret wie God as die Messias gestuur het, aanvaar as hulle Verlosser? As hulle in Hom geglo het – dit wil sê, as hulle Hom aanvaar het vir wie Hy werklik was en hulself aan Hom toegewy het – sou hulle deur die geregtigheid wat Hy vrylik aangebied het, gered gewees het. Intussen het die morele vereistes in die Nuwe Testament onveranderd gebly, want hierdie vereistes was op die karakter van God en ook Christus se karakter, gegrond. Gehoorsaamheid aan God se morele wet is net so deel van die Nuwe as wat dit van die Ou Testament was.

Lees Matteus 19:17; Openbaring 12:17; 14:12; en Jakobus 2:10, 11. Wat sê hierdie teksverse oor die rol van die morele wet in die Nuwe Testament?

Terselfdertyd het al die kerklike instellings en seremoniële wette wat net aan Israel behoort het, – wat deel van die Ou Verbond was, en wat vooruitgewys het na Jesus en na Sy dood en bediening as Hoëpriester – opgehou, en ‘n nuwe orde het tot stand gekom wat op “beter beloftes” gebaseer was. Een van Paulus se hoofdoelwitte in die boek van Romeine was om beide die Jood en die nie-Jood te help om te verstaan wat hierdie oorgang van Judaïsme na die Christendom ingesluit het. Dit sou tyd neem om hierdie verandering te maak. Baie van die Jode wat Jesus aangeneem het, was nog nie reg vir die groot veranderinge wat aan die kom was nie.

Wat is sommige van jou geliefkoosde Bybelbeloftes? Hoe dikwels eis jy hierdie beloftes? Watter keuses maak jy wat keer dat hierdie beloftes in jou lewe tot vervulling kom?

Joodse Wette en Regulasies

Wanneer jy 'n kans het, lees vlugtig deur die boek van Levitikus. (Kyk, byvoorbeeld, na Levitikus 12, 16, 23.) Wat dink jy van al hierdie reëls, verordeninge en instellings? Hoekom sou baie hiervan in die Nuwe Testamentiese tye en daaropvolgende tydperke onmoontlik wees om te onderhou?

Dit is gerieflik vir ons om die wette van die Ou Testament in verskeie kategorieë te verdeel: (1) morele wet, (2) seremoniële wet, (3) siviele wet, (4) verordeninge en uitsprake, en (5) gesondheidswette. Hierdie klassifikasie is deels kunsmatig. Eintlik is daar 'n verband tussen sommige kategorieë en is daar selfs aansienlike oorvleueling. Die ou volke het dit nie apart van mekaar of afsonderlik beskou nie. Die morele wet word deur die Tien Gebooie opgesom (Eks. 20:1–17). Die morele vereistes vir die mensdom word ook hierdeur opgesom. Hierdie tien voorskrifte word in verskeie insettinge en regsprake in die eerste vyf boeke van die Bybel verder uitgebrei en toegepas. Daardeur word daar geleer hoe om die wet van God onder verskillende omstandighede te hou. Dit hou ook verband met die siviele wette wat ook op die morele wet gebaseer is, en definieer die gemeenskapsverhoudinge tussen siviele owerhede en mede-burgers. Die strawwe vir die verskillende oortredings word ook deur die morele wet aangedui.

Die seremoniële wet reguleer die heiligdom se dienste deur die verskillende offergawes voor te skryf, en ook die individu se verantwoordelikhede aan te dui. Die feesdae word gespesifiseer en voorskrifte word gegee hoe dit onderhou moet word. Die gesondheidswette oorvleuel met die ander wette. Die verskillende wette oor onreinheid definieer seremoniële onreinheid, en sluit ook higiëniese en gesondheidsbeginsels in. Wette oor rein en onrein vleis word op fisiese oorweging gebaseer. Alhoewel die Jood seker hoofsaaklik aan al hierdie wette as 'n Godgegewe pakket gedink het, moes hulle individueel waarskynlik in hulle gedagtes sekere van hierdie wette van die ander onderskei het. God het die Tien Gebooie direk gespreek, en dit het daartoe gelei dat hulle dit van die ander wette onderskei het. Die ander wette was deur Moses aan die mense gegee. Die heiligdomdiens kon net plaasvind terwyl die heiligdom in werking was.

Die siviele wette kon grotendeels nie meer toegepas word nadat die Jode hulle onafhanklikheid verloor en onder die siviele beheer van ander nasies beland het nie. Baie van die seremoniële wette kon nie langer gehou word nadat die tempel vernietig was nie, en toe die Messias gekom het, was baie van die tipes met antitipes vervang, en was dit dus nie langer van enige waarde nie.

Volgens die gebruik van Moses

Lees Handeling 15:1. Watter strydvraag het verdeeldheid veroorsaak? Hoekom het sommige mense geglo dat hierdie gebruik nie net vir die Joodse nasie was nie? Sien Génesis 17:10.

Terwyl die apostels saam met die leraars en gemeente by Antiochië bymekaargekom het om gretiglik baie siele vir Christus te wen, het sekere Joodse gelowiges van Judéa “uit die party van die Fariseërs” daarin geslaag om ‘n strydvraag aanhangig te maak wat tot ‘n wydverspreide dispuut in die kerk gelei het, en ontsteltenis by die nie-Joodse gelowiges veroorsaak het. Met groot selfvertroue het hierdie leraars beweer dat om gered te kan word, jy besny moes word en die hele seremoniële wet moes onderhou. Die Jode, per slot van rekening, was trots op hulle Godgegewe seremonies en baie van hulle wat Christene geword het, het nog steeds gevoel dat aangesien God eens duidelik die Hebreuse manier van aanbidding goedgekeur het, dit onwaarskynlik was dat Hy ooit ‘n verandering in enige van die aanbiddingsbepalings sou goedkeur. Hulle het daarop aangedring dat die Joodse wette en seremonies in die Christelike godsdiens se aanbiddingsgewoontes ingelyf moes word. Hulle was stadig om waar te neem dat al die Joodse offerandes en seremonies na die dood van die Seun van God vooruitgewys het waarna tipe met antitipe vervang was, en waarna die plegtighede en seremonies van die Mosaïese stelsel nie meer langer bindend was nie.

Lees Handeling 15:2–12. Hoe sou hierdie dispuut beëindig word?

“... Terwyl hy tot God om regstreekse leiding opgesien het, was hy nog steeds gewillig om die gesag van die kerk te erken waarin die gelowiges saamgebring is. Hy het sy behoefte aan raad gevoel wanneer belangrike aangeleenthede hulle voorgedoen het, en dan was hy gewillig om dit aan die gemeente voor te lê en saam met sy broeders te vra dat God die wysheid moes skenk om die regte besluite te neem...” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 159-160. Dit is interessant dat Paulus – wat dikwels van sy profetiese roeping gepraat het en getuig het hoe Jesus hom geroep het en aan hom sy sending gegee het – so gewillig was om saam met die algemene liggaaam van die kerk te werk. Met ander woorde, wat ook al sy roeping was, hy het besef dat hy deel van die kerk as ‘n geheel was en dat hy sy samewerking sover dit moontlik was, moes gee.

Wat is jou gesindheid teenoor kerkleierskap? Hoeveel samewerking gee jy? Hoekom is samewerking so belangrik? Hoe sou ons kon funksioneer as almal, onafhanklik van die groter liggaam, net gedoen het wat slegs hulle wou?

Die bekeerlinge uit die heidendom

Lees Handeling 15:5–29. Tot watter besluit het die algemene vergadering gekom, en wat was hulle redenasie?

Die besluit was teen die standpunt van die Judaïseerders. Hierdie mense het daarop aangedring dat die bekeerlinge uit die heidendom besny en al die seremoniële wette onderhou moes word, en dat “die Joodse wette en seremonies in die Christelike geloof ingelyf moes word.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 151. Dit is interessant om in Handeling 15:10 op te let na hoe Petrus na hierdie ou wette verwys het as ‘n “juk” wat die vaders self nie in staat was om te dra nie. Sou die Here, wat hierdie wette ingestel het, hierdie juk op Sy nuwe dissipels gelê het? Dis moeilik om te glo. Oor die jare het die leiers, deur hulle mondelinge oorleweringe, baie van die wette wat bedoel was om ‘n seën te wees, verander in swaar laste. Die algemene vergadering wou die heidense bekeerlinge teen hierdie laste beskerm. Let ook op dat daar geen melding gemaak of vrae gevra was of die nie-Jode nie nodig gehad het om die Tien Gebooie te onderhou nie. Per slot van rekening, kan ons onself voorstel dat die algemene vergadering aan hulle gesê het dat hulle nie bloed mag eet nie, maar dat dit aanvaarbaar was om die gebooies oor egbreek en moord en dies meer te ignoreer?

Watter reëls moes die bekeerlinge uit die heidendom nakom (Hand. 15:20, 29), en hoekom moes hulle hierdie spesifieke reëls nakom?

Alhoewel die Joodse gelowiges nie hulle reëls en tradisies op die heidense bekeerlinge mag afgedwing het nie, wou die algemene vergadering seker maak dat die bekeerlinge uit die heidendom nie iets moes doen wat aan die Jode wat saam met hulle in Jesus verenig was, sou aanstoot gee nie. Die apostels en ouderlinge het daarom saamgestem om die heidense bekeerlinge per brief in kennis te stel om “... hulle te onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery.” (*Hand. 15:29*). Sommige sê dat, omdat die Sabbatgebod nie spesifiek genoem was nie, dit nie vir die bekeerlinge uit die heidendom bedoel was nie (natuurlik was die gebooie van “geen valse getuienis” en “nie doodslaan nie” ook nie spesifiek genoem nie, dus is so ‘n argument nie geldig nie).

Lê ons, in sekere opsigte, op mense onnodige laste wat meer uit tradisie as uit goddelike bevel voortspruit? Indien so, hoe doen ons dit? Bring jou gedagtes hieroor na die klas op Sabbat.

Paulus en die Galásiërs

Al was die algemene vergadering se aanbevelings duidelik, het sommige nog voortgegaan met hulle eie agenda. Hulle het van die heidense bekeerlinge vereis om die Joodse tradisies en wette na te kom. Vir Paulus was hierdie situasie 'n baie ernstige saak; dit wil sê, hierdie was nie net 'n onbeduidende gestryery oor die fynere punte van die geloof nie. Dit het 'n verwerping van die evangelie van Christus self geword.

Lees Galásiërs 1:1–12. Hoe ernstig beskou Paulus die vraagstuk wat hy in Galásië moes konfronteer? Wat behoort dit aan ons oor die belangrikheid van hierdie kwessie te sê?

Soos dit voorheen genoem was, was dit die situasie in Galásië wat grotendeels aanleiding tot die inhoud van die brief aan die Romeine gegee het en Paulus die tema van die brief aan die Galásiërs verder laat ontwikkel het. Sommige Joodse gelowiges het beweer dat die wet wat God aan hulle deur Moses gegee het, belangrik was, en dat dit deur die bekeerlinge uit die heidendom gehou moes word. Paulus het probeer om die wet se ware plek en funksie aan die Romeine oor te dra. Hy wou nie hierdie mense kans gee om in Rome te doen wat hulle in Galásië gedoen het nie.

Dit is 'n oorvereenvoudiging om te vra of Paulus van seremoniële of morele wette in Galásiërs en Romeine praat. Die historiese argument was of die bekeerlinge uit die heidendom besny moes word of nie, en of hulle die wet van Moses moes hou of nie. Hierdie geskilpunt was reeds by die algemene vergadering in Jerusalem geskik, maar sommige het geweier om die besluit te aanvaar.

Sommige het in Paulus se briewe aan die Galásiërs en die Romeine bewys gevind dat die morele wet, die Tien Gebooie (of, inderdaad, net die vierde gebod), nie langer bindend op Christene is nie. Maar, hulle sien nie die doel van die briewe raak nie, hulle kyk die historiese konteks en kwessies wat Paulus eintlik aangespreek het, mis. Paulus, soos ons sal sien, het beklemtoon dat verlossing deur geloof alleen plaasvind, en nie deur die wet te onderhou nie, selfs nie die morele wet nie. Tog is dit nie dieselfde as om te sê dat die morele wet nie gehou behoort te word nie. Gehoorzaamheid aan die Tien Gebooie was nog nooit 'n twispunt nie; hulle wat dit 'n twispunt maak skep uit die teksverse 'n hedendaagse vraagstuk, dit wat Paulus nie aangespreek het nie.

Hoe reageer jy teenoor diegene wat die aanname maak dat die Sabbat nie langer bindend op Christene is nie? Hoe kan jy die waarheid van die Sabbat uitlig op 'n manier wat nie die integriteit van die evangelie opoffer nie?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Jood en Heiden,” bl. 150–153, 154–157; “Afvalligheid in Galásië,” bl. 302–305, in *Die Handelinge van die Apostels*; “Israel ontvang die Wet,” bl. 315–317; “Die Wet en die Verbonde,” bl. 381–385, in *Patriarge en Profete*; “Die Uitverkore Volk,” bl. 19-22, in *Die Koning van die Eeue*. Daar is geen twyfel dat ons kerk ‘n tydperk van stryd en verdeeldheid beleef nie. Maar daar is niks nuuts onder die son nie. Satan het nog altyd oorlog teen die kerk gevoer. Selfs gedurende die vroegste tye van die Christendom het verdeeldheid en stryd onder die gelowiges ontstaan. En daar was een strydvraag wat, indien dit nie opgelos sou word nie, die kerk in sy vroegste jare sou vernietig het. “... Weens die invloed van valse leraars wat in Jerusalem opgestaan het, het verdeeldheid, kettery en sinlikheid spoedig onder die gelowiges in Galasië veld gewen. Daardie valse leraars het Joodse oorleweringe met die waarhede van die evangelie gemeng. Hulle het die besluite van die algemene vergadering in Jerusalem veronagsaam en by die Heidense bekeerlinge aangedring dat hulle die voorskrifte van die seremoniële wet moes nakom.” — Ellen G. White, *Handelinge van die Apostels*, bl. 302.

Vrae vir bespreking:

1. Bespreek jou antwoord op Woensdag se laaste vraag in die klas. Op watter maniere lê jou plaaslike kerk, of jy in jou eie huis, of miskien jyself, laste op andere (of op jouself) wat onnodig is? Hoe kan ons agterkom of ons hierdie dinge regtig doen? Of is ons in gevaar om in die teenoorgestelde rigting te beweeg, d.w.s., hoe kan ons agterkom of ons te slap in ons lewenstyl en standaard is sodat ons lewens nie die hoë roeping in Christus weerspieël nie?
2. Wat is sommige van die argumente wat mense gebruik om te beweer dat die Tien Gebooie nie meer bindend op Christene vandag is nie? Hoe beantwoord ons hulle aannames? Hoekom is hulle argumente oënskynlik verkeerd, en waarom, in baie gevalle, leef diegene wat hierdie bewerings maak, nie asof hulle glo die Tien Gebooie nie langer bindend is nie?
3. Lees Galásiërs 1:1-12. Let op hoe beginselvas, hoe leerstellig en hoe vurig Paulus sy begrip van die evangelie verdedig. Wat sê dit aan ons oor hoe onwrikbaar ons in dit wat ons glo, moet optree, veral in ‘n tyd waar pluralisme en relativisme hoogty vier? Hoe dui dit aan dat ons hoegenaamd geen toegewings moet maak wanneer sekere van ons leerstellings ter sprake kom nie?
4. Bespreek in die klas die verskilpunte wat die Protestantse Hervorming tot gevolg gehad het. Watter basiese verskille is nog nie opgelos nie?

